

Skriflesing Genesis 1 vers 1, 26, 27 en Psalm 8
Tema God en ek

Jare gelede het Isaac Newton 'n presiese skaalmodel van ons sterrestelsel gebou. In die middel was 'n groot goue bal wat die son verteenwoordig. Reg rondom dit was kleiner balle aan stokkies en toutjies wat die res van die planeete was. Almal was aanmekaar verbind met ratte en belde wat die planeete in perfekte bane om die son laat draai het. Eendag, terwyl Isaac Newton besig was met hierdie model, het 'n vriend kom kuier. Hy was uitgesproke oor die feit dat hy nie in God en die Bybelse skeppingsverhaal glo nie. Toe hy die model sien en hoe die planeete in hul presiese wentelbane beweeg, het hy in verwondering gestaan en wou weet wie die model vir Newton gebou het?

"Niemand nie", het Newton geantwoord.

"Niemand nie?"

"Dis reg", het Newton sarkasties gesê, "niemand nie. Die balle, ratte, toue en belde het sommer net so bymekaar gekom, en wonder bo wonder, heel per toeval, in hul eie bane begin beweeg, in perfekte harmonie en met perfekte tydsberekening!"

Ons weet Newton se antwoord was waarskynlik redelik sarkasties. Ons glo dat God skep. Ons het verlede Sondag in Openbaring 1 gesien dat Hy die Almagtige is. Hy is die Alfa en Omega, die begin en einde, die een wat was en is en sal wees. In Genesis 1:1 lees ons: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep."

Genesis 1 wil nie in die eerste plek vir ons vertel hoe die aarde ontstaan het nie, maar Wie die Skepper van hemel en aarde is. Genesis 1 is 'n aankondiging oor God se grootheid en mag, Sy majesteit en onvergelykbaarheid.

Omdat Hy alles gemaak het, behoort alles aan Hom. Hy voer heerskappy oor alles wat bestaan. Hy het aan alles plek en orde gegee. Hy hou alles in stand. Die hele skepping is tot eer van die Skepper.

Dawid het baie nagte in die oop veld by sy skape deurgebring. Ek kan my indink hoe Dawid dalk een nag op 'n koppie gesit en na die hemel gekyk het. God se skepping hou 'n boodskap in vir die digter. Dit vertel van God self.

Hy kyk hy rondom hom, sien die magtige skepping en die hemelruim en hy staan verwonderd voor God. "Here, ons Here, hoe wonderbaar is U Naam oor die hele aarde" (Ps.8:2,10)

In die Hebreeuse teks is die eerste Here die verbondsnaam vir die Here. Hy is die Here wat kies om ons God te wees. Hy het ons ten duurste gekoop. Ons behoort aan Hom. Die tweede Here is die titel vir 'n koning. Dit is wie Hy is. Ons hoef Hom nie Koning te maak nie. Hy is Koning. Ons moet aan Hom onderdanig wees. Psalm 8:2 en 10 omvou die hele psalm. God staan in die middel. Sy skeppingswerke loof Hom. Die glansryke maan en sterre getuig tot sy eer. Hy is groot, die mens moet eerbied vir Hom hê. Sy Naam moet geprys word. Wie sy Naam hoor en opkyk na Sy werk, besing Sy lof.

In die nag kyk die digter op na die sterrehemel en besef hoe onmeetbaar groot dit is. God het die son en maan en elkeen van die ontelbare sterre gemaak. Hy het hulle as't ware tussen Sy vingers gevorm en elkeen 'n plek gegee. Hy gee vir hulle 'n baan om in te beweeg.

Voor die Almagtige Skeppergod en sy asemrowende skepping vra die digter: "Wie is ek?" Weet God van my? Gee Hy vir my, wat Hom so baie teleurstel, om?

Dalk het Dawid sy harp geneem en begin sing: "As ek U hemel aanskou, die werk van U vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?(Ps.8:4-5)

Is ek maar net 'n nietige stukkie onbeduidende niks, 'n pion op 'n skaakbord, 'n stoffie op 'n skaal? Ja, ons is klein en verganklik. Die Hebreuse woord wat hier vir die mens gebruik word, dui daarop dat ons nietig, verganklik en broos is.

Wat is die mens? Die antwoord neem my asem weg. Ons kan mekaar so maklik afbreek, verkleineer en geringskat. Hoor wie en wat het die Here vir elkeen van ons gemaak.

Ek lees Psalm 8:4-7 uit "die Boodskap":

As ek opkyk na alles wat U in die hemelruim gemaak het, al die planete, melkwegstelsels en miljoene sterre, snak ek na my asem as ek sien hoe piepklein die mens regtig is. En tog, hoeveel gee U nie om vir hierdie piepklein mensie nie!

Dink net: U sorg vir hom. Hy is vir U belangrik.

U het hom so belangrik gemaak dat hy amper soos U is; U behandel hom soos 'n koning; U gee 'n baie hoë posisie aan hom.

U wil hê dat die mens oral moet wys hoe groot U is.

Hy is mos U verteenwoordiger.

U laat hom soos 'n baie groot leier oor U handewerk regeer. Hy moet vir alles sorg wat U gemaak het.

Die mens is nie 'gelyk aan' God nie, maar ek en jy is amper soos Hy. God skep iets anders as die res van die skepping; iets waarby Hy persoonlik betrokke is. Hy gee vir ons om. Hy sorg vir ons. Ons is vir Hom belangrik. Hy skep die mens om in 'n unieke verhouding met Hom en die wêreld te staan. God het elkeen van ons 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak. Hy het ons geskape na Sy beeld.

Hy maak ons konings. Hy kroon ons met aansien en eer, met glorie en majesteit.

Ek is 'n koning wat, in Sy krag, moet gaan heers oor skape, beeste, diere, voëls, visse as Sy skepping. Ek moet sorg vir alles wat God gemaak het en so wys hoe groot God is.

Die mens kan hierdie posisie misbruik. Ons kan onself die reg toeëien om alles in te palm ter wille van kortstondige eie belang. Dit lei daartoe dat natuurlike hulpbronne roekeloos uitgebuit, opgebruik, verniel en besoedel word. Maar ons mag dit nie doen nie. Ons is konings soos Jesus. Ons is dienaar-konings wat, namens Hom, moet heers en nie oorheers nie.

God het my aangestel as Sy verteenwoordiger. Namens Hom heers ek oor die skepping. Van Hom ontvang ek mag en verantwoordelikheid om Sy aarde te bewoon, te bewerk en te bewaar. Deel van my lof aan die Here is om elke dag Sy aarde 'n beter plek maak om op te woon.

God is die Almagtige Skepper. Ek is Sy kind. Die Skepper maak my die kroon van die skepping, 'n bietjie minder as 'n hemelse wese. Hy maak my Sy verteenwoordiger. In my menswees, nie net in erediens nie, maar ook in my handel en wandel, werk en speel maak ek die Here groot. Dit is waarom ek hier is.

AMEN